**Die klimaks!**

**Heb 12:18-24**

**15 Januarie 2023**

1. Vantevore: Gelowiges mag met vrymoedigheid in heiligdom ingaan deurdat hulle volhard in die geloof. Wedloop van die geloof word gekenmerk deur stryd en tugtigings van die Here. Daarom moet hulle (1) slap hande en knieë optel en Jesus in die oog hou, (2) streef na vrede met alle mense en heiligmaking, en (3) toesien dat niemand die genade van God verspeel of goddeloos lewe nie.
2. Heb 12:18-24 – klimaks van Hebreërboek: samevatting van vorige lering, oorkoepelende gevolgtrekking, perspektief op ou vs nuwe verbond, finale argument om nie terug te keer na Joodse geloof nie.
3. "Aankom" = tot Christelike geloof kom
4. Julle het nie by die tasbare berg Sinai aangekom nie (Heb 12:18-21)
    a. Beste manuskripte bevat nie term "berg" nie – konteks maak duidelik die berg Sinai word bedoel
    b. Eks 19:10-22
        - Volk moes hulle heilig voor ontmoeting met God (vgl Heb 12:14), maar selfs na heiligmaking mog hulle nie aan berg raak nie
        - Verskyning van die Here: donderslae, weerlig, swaar wolk, vuur en rook, berg skud, ramshoring, God praat met donderslag – God gee Sy wet
    c. Eks 20:18-21
        - Volk is bang, vra Moses moet as tussenganger optree
        - Doel met gebeure: dat volk ontsag vir God sal hê, nie sondig nie (v20) – dit was ook die doel met die ou verbond
    d. Self Moses was bang – vgl Hand 7:32, Deut 9:19, Eks 19:16, 20:18
    e. Ironie van Sinaigebeure: (1) wat dag van opwinding moes wees, word dag van vrees, (2) op die dag dat volk tot God sou nader, vra hulle vir afstand, (3) die berg is tasbaar, maar mag nie daaraan raak nie, (4) na 3 dae van heiligmaking, besef volk hulle is steeds onheilig
5. Julle het by die berg Sinai aangekom (Heb 12:22-24)
    a. Sion = Jerusalem = stad van Dawid (2 Sam 5:6-7, Ps 48:2-4)
    b. Sion = stad van lewende God = hemelse Jerusalem = gemeenskap van gelowiges deur die eeue (Op 14:1, 21:1-3)
    c. Tienduisende engele staan gelowiges by (Op 5:11, Heb 1:14)
    d. Gelowiges is deel van gemeente van eersgeborenes – Jesus is dié Eersgeborene (Heb 1:6, Kol 1:15, 18)
    e. Gelowiges se name is in hemel opgeteken (Op 3:5)
    f. Gelowiges het aangekom by God, die Regter van almal – anders as by Sinai
    g. Gelowiges het aangekom by regverdiges wat volmaak is – die wat reeds in hemel is
    h. Dit alles is moontlik, want gelowiges het aangekom by Jesus, die Middelaar van nuwe verbond (vgl Heb 3:5-6, 8:6), en Sy bloed (vgl Heb 10:11-12, 14)
6. Opsomming
    a. God van nuwe verbond is dieselfde as God van ou verbond – Hy moet steeds gevrees word
    b. Sinaiverbond was genadehandeling om noodsaak aan Middelaar uit te wys
    c. In nuwe verbond kom die Middelaar met ryke gevolge vir gelowiges